# Van TAC tot ontkleebaas s

GAVIN PRINS IN JOHANNESBURG
gprins@rapport.co.za

'n Pornografiese werklikheidsreeks vir televisie.

Dis wat die vervaardigers van die seksrolprente gegrond op die lewe van Joost van der Westhuizen en Amor Vittone volgende in die mou voer.

Tongelong Produksies het eergisteraand 'n mediaverklaring aan verskeie koerante gestuur waarin hulle voornemende kafoefel-sterre nooi om aan oudisies vir 'n werklikheidsreeks, *Pornstars*, deel te neem.

Dié stukkie nuus is met skok en ongeloof uit alle oorde begroet.

Mnr. Don van Wyngaard van Tongelong Produksies het bevestig dat hulle oor twee weke met oudisies in Kaapstad, Gauteng, KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap begin.

Voornemende deelnemers móét ouer as 18 jaar wees.

"Of jy nou dik of dun, wit of swart, gay of *straight* is, almal ís welkom. 'Skoon' seks gaan beoefen word en almal sal kondome gebruik."

Die reeks gaan waarskynlik eers op DVD vasgelê, maandeliks saam met die pornografiese tydskrifte *Hustler* en *Loslyf* verpak en in Hustler-winkels verkoop word.

Maar 'n "sagter" weergawe van die reeks gaan ook vir 'n televisiekanaal vervaardig word, beweer Van Wyngaard.

Die lekeprediker me. Gretha Wiid het by navraag gesê Tongelong se plan is "ongehoord".


"Die reeks is nie deel van God se prentjie nie. God se visie gaan oor intimiteit. Die reeks is 'n stappie nader aan 'n morele verval."

Mnr. Dirk Hermann, adjunk-uitvoerende hoof van Solidariteit, het gesê: "Daar is nie plek vir so 'n reeks in die gemeenskap nie."

Dit is onduidelik vir watter televisiekanaal die vervaardigers 'n "sagter" weergawe van hul beoogde porno-reeks wil vervaardig.

M-Net en e.tv het al twee aan *Rapport* gesê hulle sal beslis nie so 'n reeks oorweeg nie.

Daar was ook nog geen adverten-




**Die koerantadvertensie wat aan *Rapport* gestuur is, maar wat nog in geen koerant geplaas is nie.**

> **"Of jy nou dik of dun, wit of swart, gay of *straight* is; almal ís welkom. 'Skoon' seks gaan beoefen word en almal sal kondome gebruik.**